# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No:  1300054

Geaffilieer by NAACCSA
Geaffilieer by CHASA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT  0560

TEL:  (014) 743 2174
FAKS:  (014) 743 1990

E-Pos:  bosveldwapenenammunisie@gmail.com

---

## NUUSBRIEF 2/2012

## JAARPROGRAM 2012

| | |
|---|---|
| 18 Augustus 2012 | Pret-skiet:  handwapens, haelgewere, .22, boogskiet, windbukse (kinders) |
| | Versamelaars aktiwiteit:  Versamelaars bring haelgewere. |
| 15 September 2012 | **Prestige skiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 13 Oktober 2012 | Pret-skiet:  handwapens, haelgewere, .22, boogskiet, windbukse (kinders) |
| | Versamelaars aktiwiteit:  Versamelaar van die Jaar kompetisie en uitstalling. |
| 10 November 2012 | Span-skiet |

### BELANGRIK

Alle skiet-aktiwiteite vind te MASADA SKIETBAAN plaas en begin om 08:30.  Tydens kompetisies mag net met jaggewere en nie met skyfskietgewere geskiet word nie.

Versamelaars aktiwiteite is van 10:00 tot 11:00.  Bring versamelstuk/ke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel.

Versamelaars kan op Pret-skiet dae met versamelstukke kom skiet.

---

### BAANREGISTER

Die baanregister sal in die toekoms nog 'n kolom by hê.  Dit is spesiaal vir die Toegewyde Jagters en die Versamelaars.  Merk asb. die kolom as jy een van bogenoemde is.

Die bestuur doen 'n beroep op ons lede.  Bring jou geweer of pistool of haelgeweer of .22 en skiet so 'n paar skote.  Die baanoffisiere soek werk.  Hulle wil julle so graag op die baan help.

Ons wil graag aktiewe lede in ons Vereniging  hê.

---

### FINANSIES

**Ons kan met groot trots rapporteer dat die vereniging se finansies gesond is.  Ons het geen groot finansiële uitgawes op die oomblik nie.**

**Daar is egter 'n paar lede wie se ledegeld nogsteeds uitstaande is.  Die afsnydatum was eintlik reeds die einde Maart.  Ons sal julle oor sien en kans gee tot einde Junie, maar asseblief, bring dit so gou moontlik op datum.  Ledegeld is slegs R300 vir die hooflid en R150 vir 'n familielid.  Ons bankbesonderhede is soos volg:**

**BWAV**
**FNB**
**Tak:  260348**
**Rek:  62060 167 535**
**Verwysing:  Lid nommer.**

---

### AKKREDITASIE AS JAGTERS VERENIGING

**Ons aansoek vir Akkreditasie is reeds ingedien.**

**Sentrale Vuurwapen Register is besig om die aansoek te hanteer. Ons hoop om eersdaags 'n positiewe antwoord vir julle te hê.**

---

## VERSAMELAARS-AKTIWITEITE

Ons het reeds twee versamelaars-aktiwiteite vir die jaar gehad. Die 11de Februarie het ons 'n uitstalling en praatjie gehad oor voorlaaiers. Die 14de April 'n uitstalling en praatjie oor sportskiet wapens.

Ek herinner julle aan die 18de Augustus. Dit is ons volgende versamelaars-aktiwiteit. Die aktiwiteit begin om 10h00 in die lapa te Masada skietbaan.

Onthou om julle aktiwiteits-verslae op datum te hou, dit moet die einde van die jaar ingehandig word.

---

## PRESTASIES IN DIE BWAV

**Baie geluk aan Charles Bresler en Paul Eksteen wat in Julie, Suid Afrika gaan verteenwoordig met die "IPSC European Rifle Championship 2012" te Bulgarye.**

**In September verteenwoordig Jan Bondesio en Paul Eksteen Suid Afrika tydens die "IPSC Shotgun World Championship 2012" te Hongarye.**

**Sterkte met julle voorbereiding. Die BWAV is baie trots op julle.**

---


## ADVERTENSIES

Lede is welkom om in die nuusbriewe te adverteer, teen 'n minimale bedrag natuurlik. Vir 'n klein advertensie gaan dit jou slegs R50.00 kos.

Indien jy wil adverteer, kontak Daleen by die kantoor, 014 743 2174.


---

## DRINGEND GESOEK

***Die volgende persone moet asseblief dringend vir Daleen by die kantoor kontak. Dit is i.v.m. uitstaande dokumentasie op julle leêrs:***

| | | |
|---|---|---|
| **B027** | **Du Toit** | **Leon** |
| **B100** | **De Waal** | G.M |
| **B118** | **Lodewyckx** | Jan Willem |
| **B141** | **Liversage** | William |
| **B166** | **Boyle** | Allan Hartridge |
| **B167** | **Boyle** | Paulina Jacoba |
| **B196** | **Chamberlain** | Richard Edinburgh |
| **B229** | **Cloete** | Dawid Hendrik |
| **B246** | **Botha** | Johannes Benjamin |
| **B260** | **Behrens** | Max Johannes |
| **B306** | **Meiring** | G.C. |
| **B310** | **Herselman** | Emilie Freda |
| **B311** | **Herselman** | N.P. |
| **B332** | **Nienaber** | M.J. |
| **B339** | **Moolman** | P.L. |
| **B367** | **Kiesling** | P.F. |
| **B376** | **Baber** | C.E. |

**Skakel Daleen by 014- 743 2174 gedurende kantoor ure.**

---

**Baie belangrik: Versamelaars neem kennis dat daar veranderinge in die Wet op die beheer van vuurwapens en regulasies in werking getree het op 1 Maart 2012.**

**Die vereniging het n opinie ontvang vanaf Adv. John Welch t.o.v die effek wat dit op die versamelaars het. Dit is n lywige dokument en lê dit ter insae by die BWAV kantoor. 'n Afksrif sal wel aan u voorsien word op aanvraag.**

**Daar is heelwat veranderinge en elke lid sal n studie hiervan moet maak om te verseker dat U binne hierdie reëls optree. Die verandering behels onder andere die vereistes en berging van semi-outomatiese gewere en – haelgewere, die bekrywing van ammunisie vir ammunisie versamelaars, Trust's kan wapens besit en 'n kategorie D toevoeging.**

---

## DISSIPLINÊRE OPTREDE – DIE PROSES

Die proses wat in die toekoms gevolg sal word wat betref dissiplinêre optrede sal soos volg wees:

1. 'n Lid sal 'n aanmaningsbrief ontvang om dit wat hy in gebreke is binne 10 dae te herstel. Indien die aanklag van 'n ander aard is as bv. betaling van ledegeld en/of te voldoen aan die kriteria vir jagters- en/of versamelaar status, sal so 'n lid direk voor 'n dissiplinêre komitee gedaag word.

2.1 Indien 'n persoon steeds in gebreke is om sy verpligting na te kom of om 'n ander rede voor die dissiplinêre komitee te verskyn sal 'n kennisgewing aan die persoon gegee word om op 'n sekere datum, tyd en plek voor die dissiplinêre komitee te verskyn en dan redes aan te voer waarom die lid se lidmaatskap nie beëindig word nie as gevolg van die bepaalde oortreding.

2.2 Die dissiplinêre komitee sal bestaan uit:
'n Voorsitter
Die Sekretaris
Die Administratiewe Beampte
'n Addisionele lid.

2.3 Die lid sal dan in kennis gestel word van die uitslag en bevinding van die dissiplinêre komitee.

2.4 Indien 'n lid nie tevrede is met die bevinding van die dissiplinêre komitee nie, kan so 'n lid binne 10 dae na die uitslag van die dissiplinêre verhoor, skriftelik appèl aanteken. Die skriftelike appèl moet per hand, e-pos of faks by die Administratiewe Beampte ingedien word.

3.1 Die lid wat appelleer moet volledige redes verskaf waarom die dissiplinêre komitee se bevinding nie bekragtig moet word nie.

3.2 Die hele Bestuur, uitgesluit die lede van die dissiplinêre komitee vorm die Appèlraad.

3.3 Die lid sal so spoedig moontlik nadat die Appèlraad 'n beslissing gemaak het daarvan in kennis gestel word.

4.1 Alhoewel ek van mening is dat ons Grondwet voldoende die dissiplinêre optrede teen 'n lid dek, het hierdie aspek nou weer ter sprake gekom met ons aansoek vir Akkreditasie. Ek beskou hierdie dissiplinêre optrede as deel van die Grondwet en vir daardie rede word dit onmiddellik Geïmplementeer alhoewel die lede op die volgende jaarvergadering versoek sal word om hierdie optrede van die Bestuur te kondoneer.

4.2 Nodeloos om te sê dat daar sorgvuldig rekord gehou sal word van alle stappe van dissiplinêre optrede.

4.3 Terloops, in die Beeld van 21/5/2012 het daar 'n berig verskyn oor 'n televisie program wat ons as jagters in 'n baie slegte lig gestel het. SA Jagters, en dit is die belangrikste, pleit nou vir 'n Wetwysiging dat alle voornemende jagters 'n lid van die een of ander geakkrediteerde Jagters Organisasie moet wees. Hierdie standpunt word seersekerlik deur die meeste Jagorganisasies ondersteun. Dit sal meebring dat die SVR voortaan geakkrediteerde Organisasies met valkoë sal dophou om te sien of ons inderdaad 'n Organisasie is wat letterlik uitvoering gee aan die akkreditasie voorwaardes al dan nie. Ek hoop dus dat dit nooit vir hierdie Vereniging nodig sal wees om ooit dissiplinêre optrede teen 'n lid te volg nie en moet elke lid deeglik kennis neem van sy verpligtinge en verantwoordelikheid wat hy as lid of as Toegewyde Jagter of as Versamelaar het.

T Wessels (Voorsitter)

---

**WHY ITALIANS CAN'T BE PARAMEDICS:**

Vinny and Joey are out in the woods hunting when suddenly, Joey grabs his chest and falls to the ground. He doesn't seem to be breathing; his eyes are rolled back in his head. Vinny whips out his cellphone and calls 911……..He gasps to the operator, "I think Joey is dead! What should I do?" The Operator, in a calm soothing voice says, "Just take it easy and follow my instructions. First, let's make sure he's dead."
There is a silence and then a shot is heard.
Vinny's voice comes back on the line, "Okay…. now what?"